# DIE ONDERWYS VAN BLANKES IN KRUGERSDORP: 1887 - 1939.

-----------ooOoo-----------

'n Verhandeling ingedien deur

JAN HENDRIK DIPPENAAR, B.A., B.ED.,

by die

FAKULTEIT VAN OPVOEDKUNDE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ter verkryging van die Graad

MAGISTER EDUCATIONIS.

PROMOTOR: PROF. DR. J. CHR. COETZEE.

-----------ooOoo-----------

- 1953 -

# VOORWOORD.

Graag wil ek langs hierdie weg my opregte dank betuig aan alle persone en inrigtings wat my op regstreekse of onregstreekse wyse behulpsaam was. Waardevolle gegewens, wenke, informasie en foto's is verskaf of hulp is verleen deur hoofde van skole; die verskillende deponente; mnr. K. Schieke, Honns.-B.Comm., die scriba van die Gereformeerde Gemeente Krugersdorp; mnr. J.L. du Plooy, M.A., M.Ed., die hoof van Delareyskool; die personeel van die Staatsargief te Pretoria; die bibliotekaresses van die biblioteke van Krugersdorp en die Transvaalse Onderwysdepartement; mnr. J. Botha, die sekretaris van die Witwatersrand-Wes-Skoolraad; die personeel van die T.O.-kantoor; dr. Pretorius, die argivaris van die N.H. of G. kerk te Pretoria; die assistent-stadsklerk van Krugersdorp en die assistent-stadsklerk van Roodepoort.

My dank aan die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing wat my deur 'n ad hoc-toekenning in staat gestel het om die Staatsargief en verskillende skole te besoek, waar die meeste gegewens vir hierdie verhandeling bekom is.

Die morele steun van my eggenote was vir my van onskatbare betekenis. Innig waardeer ek haar en my kindertjies se bereidwilligheid om baie eensame ure deur te bring om my in staat te stel om my studie voort te sit.

'n Besondere woord van dank aan prof. dr. J. Chris. Coetzee vir sy leiding en besieling. Dit was vir my 'n voorreg om onder hom te studeer en 'n eer om 'n student te wees van die P.U. vir C.H.O.

Aan die Goeie Gewer, wat my die geestelike, die stoflike en die liggaamskragte geskenk het, al die eer.

J.H. Dippenaar.

Krugersdorp.

Desember 1953.

# INHOUDSOPGAWE.

Bladsy.

INLEIDING ........................................ 1

HOOFSTUK 1.

KRUGERSDORP: AARDRYKSKUNDIG EN GESKIEDKUNDIG.

1. Aardrykskundig.
   - a) Ligging .............................. 3
   - b) Klimaat .............................. 5
   - c) Plantegroei en natuurskoon .............. 5
   - d) Maatskaplike lewe, handel, nywerheid, boerdery, mynontginning en spoorweë ..... 7
2. Geskiedkundig.
   - a) Voorgeskiedenis ......................... 10
   - b) Klipstapeling te Paardekraal ............ 11
   - c) Ontdekking van goud ..................... 13
   - d) Stigting van dorpe.
     - (i) Krugersdorp ...................... 16
     - (ii) Roodepoort ...................... 17
     - (iii) Florida ......................... 18
     - (iv) Hamberg ......................... 18
     - (v) Maraisburg ...................... 19
     - (vi) Randfontein ..................... 19
   - e) Distriksverklaring.
     - (i) Krugersdorp ...................... 20
     - (ii) Roodepoort ...................... 22
   - f) Paardekraal-Monument .................... 23
   - g) Die Jameson-inval ....................... 24
   - h) Die Engelse oorlog ...................... 26
   - i) Kerke.
     - (i) N.H. of G. Gemeente Krugersdorp .. 31
     - (ii) Geref. Gemeente Krugersdorp ...... 32
     - (iii) Ned. Herv. Gemeente Krugersdorp .. 33
     - (iv) Engelse kerke .................... 33

HOOFSTUK 11.

Bladsy.

ONDERWYS IN KRUGERSDORP IN DIE TYDPERK VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK: 1887 - 1899.

1. Onderwystoestande tot omstreeks 1887 ........ 35

2. Onderwys in die beginjare van Krugersdorp.

   a) Eerste skole op Krugersdorp ............. 39

   b) Skole in die gebied wat later distrik Krugersdorp was ........................ 41

   c) Onderwystoestande net voor die diensaanvaarding van superintendent Mansvelt .... 43

3. Onderwys in Krugersdorp tydens die superintendentskap van Mansvelt.

   a) Die Mansvelt-onderwyswet ............... 46

   b) Staatsondersteuning.

      (i) Subsidie ........................ 48

      (ii) Geboue ......................... 53

   c) Wisselende bestaan en uitbreiding van skole 55

4. Onderwysers(esse).

   a) Kwalifikasies .......................... 57

   b) Tydelik erken .......................... 60

5. Die kerk bevorder onderwys in Krugersdorp .. 61

HOOFSTUK 111.

ONTEVREDENHEID MET DIE ONDERWYSBELEID.

1. Poging om die Uitlanders tevrede te stel .... 64

2. Ontevredenheid duur voort .................. 65

3. Die „Council of Education" ................. 66

4. Stigting van private skole ................. 68

5. Hollandse onderwysers ...................... 70

6. Staatskole.

   a) Maraisburg ............................. 72

   b) Krugersdorp ............................ 73

Bladsy.

6. Staatskole (vervolg).

c) Randfontein .............................. 75

d) Florida vra 'n staatskool ............... 76

e) Roodepoort vra 'n staatskool ........... 76

f) Leerplanne .............................. 77

g) Benoeming van hoofde ................... 77

h) Onderwysers in staatskole ............... 77

i) Skoolkommissies ........................ 78

j) Vereniging van hoofde van staatskole .... 78

7. Toestande teen die einde van die 19e eeu .... 79

HOOFSTUK IV.

ONDERWYS IN KRUGERSDORP GEDURENDE DIE OORLOGS-JARE: 1899 - 1902.

1. Toestande na die aanvang van die oorlog.

a) Verwarring in Oktober 1899 .............. 84

b) Heropening van skole .................... 85

c) Besoldiging van onderwysers ............. 86

2. Die Krugersdorpse konsentrasiekamp.

a) Stigting van konsentrasiekampe en konsentrasiekampskole ........................ 88

b) Stigting van 'n konsentrasiekamp in Krugersdorp.

(i) Vernieling van plase ............. 90

(ii) Die kamp ......................... 91

(iii) Voedsel ......................... 93

(iv) Siekte en sterfgevalle ........... 94

3. Die kampskool.

a) Inskrywing .............................. 95

b) Klaslokale .............................. 96

c) Roosters en leergange ................... 97

d) Skoolbesoek ............................. 98

Bladsy.

3. Die kampskool (vervolg)

e) Onderwysers(esse) ........................ 99

f) Invloed en waarde van die kampskool ..... 101

4. Privaatskooltjies in die dorp.

a) Die skool van Grundlingh ................ 101

b) Skooltjie in die Hervormde kerk ......... 102

## HOOFSTUK V.

## ONDERWYS IN KRUGERSDORP GEDURENDE DIE KROON-KOLONIE-PERIODE: 1902 - 1907.

1. Oorskakeling na vredestydse onderwys.

a) Regeringsonderwys buite die konsentrasie-kamp tydens die oorlog ................. 103

b) Heropbou ................................ 104

2. Staatsonderwys onder die Milner-regime: 1903 - 1905.

a) Die Onderwyswet van 1903 ................ 107

b) Regulasies .............................. 109

c) Reaksie teen die Sargant-onderwyswet .... 110

d) Skole teen die einde van 1903 ........... 111

e) Inspeksie ............................... 113

f) Handwerk ................................ 113

g) Skoolkommissie .......................... 113

h) Onderwysers(esse) ....................... 114

i) Einde van die Milner-bestuur ............ 115

3. Regeringsonderwys onder die Selborne-bestuur: 1905 - 1907.

a) Die Selborne-memorandum ................. 116

b) Skole in 1906 ........................... 119

4. Christelik-nasionale skole.

a) Ontstaan ................................ 120

b) Die Hollandse kerke op Krugersdorp bevorder Christelik-nasionale onderwys ....... 122

Bladsy.

4. Christelik-nasionale skole (vervolg).

c) C.N.O.-skole word goewermentskole ....... 128

d) Onderwys in die C.N.O.-skole.

(i) Onderwysers ..................... 129

(ii) Leerplanne ..................... 131

(iii) Inspeksie ..................... 132

## HOOFSTUK VI.

## ONDERWYS ONDER DIE WITWATERSBERGSE SKOOLRAAD: 1908 - 1939.

1. Die Smuts-onderwyswet van 1907.

a) Voortbouing op die beginsels van lord Selborne ........................ 133

b) Godsdiensonderrig ..................... 134

c) Voertaal ........................ 135

d) Ouerseggingskap ..................... 135

2. Die Witwatersbergse Skoolraad.

a) Stigting ........................ 136

b) Samestelling van Rade ................ 137

c) Werksaamhede.

(i) Laerskoolbeurse ................. 139

(ii) Donkievervoer ................... 141

(iii) Sentralisasie en motorvervoer .... 143

(iv) Konferensies .................... 150

(v) Skoolbesoek ..................... 150

(vi) Medium van onderrig ............. 151

3. Inspeksie.

a) Inspekteur van Hollands ............... 152

b) Onderwys en skoolvakke ................ 153

c) Toerusting en geboue .................. 156

Bladsy.

4. 'n Beknopte geskiedenis van elk van die skole onder beheer van die Witwatersbergse Skoolraad, wat by die einde van 1939 bestaan het.

a) Bloubank 41-skool ..................... 157
b) Elandsvlei 23-skool ..................... 158
c) Hartebeestfontein 118-skool ............ 159
d) Hekpoortskool ......................... 162
e) Kocksoordskool ........................ 164
f) Kromdraai 71-skool .................... 165
g) Magaliesburgskool ..................... 166
h) Meadowlandsskool ...................... 168
i) Muldersdriftskool ..................... 169
j) Nooitgedacht 88-skool ................. 171
k) Rodoraskool ........................... 172
l) Roodewalskool ......................... 173
m) Venterspostskool ...................... 174
n) Wheatlandsskool ....................... 175

## HOOFSTUK VII.

## PRIMÊRE ONDERWYS ONDER DIE WITWATERSRAND-WES-SKOOLRAAD: 1908 - 1939.

1. Die Witwatersrand-Wes-Skoolraad.

a) Stigting .............................. 176
b) Samestelling .......................... 177
c) Sekretaris van die Skoolraad .......... 178

2. Inspeksie.

a) Algemeen .............................. 179
b) Taalonderrig .......................... 183

3. Voorsiening van skole en geboue ........ 187

4. Voorsiening van Hande-arbeid en Kookkunsklasse.

a) Handwerk .............................. 189
b) Kookkuns .............................. 191

Bladsy.

5. Konsentrasie ................................ 192

6. 'n Beknopte geskiedenis van die skole onder beheer van die Witwatersrand-Wes-Skoolraad.

i) Skole wat in 1939 in die distrik Krugersdorp geleë was.

(a) Burgershoopskool ................. 193

(b) Kerkstraatskool .................. 195

(c) Krugersdorp Town School .......... 198

(d) Krugersdorp-Wes Afrikaansmediumskool 201

(e) Krugersdorp West E.M. School ..... 203

(f) Krugersdorp East School .......... 203

(g) Krugersdorp Noordskool ........... 204

(h) Lewishamskool .................... 205

(i) Oatlandsskool .................... 206

(j) Randfonteinse Afrikaansmediumskool 207

(k) Randfontein E.M. School .......... 207

(l) Randgateskool .................... 209

(m) West Rand Consolidated Mine-skool . 210

ii) Skole wat tot 1936 in die Krugersdorpse distrik geleë was.

(a) Arthur Matthewsskool ............ 211

(b) Boschkopskool ................... 214

(c) Fairlandskool ................... 215

(d) Florida School .................. 217

(e) Hambergskool .................... 220

(f) Roodepoort English Medium School . 222

(g) Roodepoort-Noord Afrikaansmediumskool ........................ 224

HOOFSTUK V111.

NA-PRIMÊRE ONDERWYS IN KRUGERSDORP.

1. Intermediêre onderwys.

a) Plattelandse laerskole ................ 229

b) Dorpskole ............................. 230

Bladsy.

2. Die Krugersdorp Secondary School ............ 232
3. Die Krugersdorp High School.
a) Stigting .............................. 236
b) Geboue ................................ 237
c) Inskrywing en personeel ................ 237
d) Buitemuurse aktiwiteite ................ 239
e) Beherende Liggaam ...................... 240
4. Die Monument-hoërskool.
a) Stigting en groei ...................... 241
b) Beherende Liggaam, koshuise en geboue ... 246
5. Die Bekker-skoolplaas ...................... 250
6. Die Witwatersrandse Tegniese Kollege.
a) Hoër Handelskool Krugersdorp ............ 255
b) Die Wes-Randse Tegniese Kollege ......... 256
7. Ursuline Convent ........................... 257

HOOFSTUK IX.

SAMEVATTING.

1. Onderwys in Krugersdorp onder die Suid-Afrikaanse Republiek .......................... 259
2. Onderwys in Krugersdorp in die periode 1900 - 1907 ............................. 264
3. Laer onderwys in Krugersdorp in die periode 1908 - 1939 ............................. 270
4. Middelbare onderwys in Krugersdorp .......... 277

B Y L A E S.

A. Regulatiën van de Krugersdorp Ondersteunde School ................................. 281
B. Huishoudelike bepalings van Hekpoortskool ... 282
C. Huishoudelike bepalings van Floridaskool .... 284
D. Kontrak tussen Rondgaande onderwyser en Ouers 285

Bladsy.

E. Toespraak van den Heer Mansvelt te Paardekraal gehouden (1891) ........................ 286

F. Aanzoek om subsidie ........................ 297

G. Versoek om subsidiegelde uit te betaal ...... 300

H. Volmacht ................................ 301

I. Brief van J.C. Human aan die Superintendent van Onderwys ................................ 302

J. Brief van landdros H. Hugo aan die Superintendent van Onderwys ........................ 303

Bibliografie ................................ i-xii

## K A A R T E.

1. Distrik Krugersdorp, aantonende skole onder die Z.A.R. en Witwatersbergse Skoolraad ..... xiii

2. Skole onder die Witwatersrand-Wes-Skoolraad . xiv

# INLEIDING.

Met „Krugersdorp" in die opskrif van hierdie verhandeling word bedoel die dorp Krugersdorp sowel as die distrik Krugersdorp.

In hierdie verhandeling word in oënskou geneem die onderwys van blankes van 1887 (toe Krugersdorp aangelê is) tot 1939 in die gebied wat aan die einde van 1894 distrik Krugersdorp geword het. Met die distriksverklaring van Roodepoort in 1936 moes Krugersdorp 'n gebied afstaan en het die studieterrein dientengevolge ook gekrimp. Ek het gepoog om 'n historiese oorsig te gee van die onderwys aan blankes in die distrik en aan te toon hoe die onderwys in die distrik ontwikkel het.

In hoofstuk 1 word Krugersdorp kortliks geografies en histories geskets. In hoofstukke 2 tot 7 word die laer onderwys in Krugersdorp verdeel in verskillende tydperke, naamlik die onderwys tydens die bewind van die Suid-Afrikaanse Republiek, die onderwys gedurende die oorlogsjare, die onderwys gedurende die Kroonkolonie-periode en die onderwys onder die Witwatersrand-Wes- en Witwatersbergse Skoolraad. Hoofstuk 8 is gewy aan middelbare onderwys in Krugersdorp, en in hoofstuk 9 word die inhoud van die verhandeling kortliks saamgevat.

Aan die einde van die verhandeling is twee kaarte. Kaart 1 toon die distrik in sy geheel aan met die skole onder die Suid-Afrikaanse Republiek en die Witwatersbergse Skoolraad, terwyl kaart 2 die gebied aantoon met skole wat deur die Witwatersrand-Wes-Skoolraad beheer word.

Om Krugersdorp te sien teen die agtergrond van die geskiedenis van onderwys in die provinsie Transvaal is dit soms nodig geag om die onderwys in die Provinsie in sy geheel te sien en veral te verwys na verskillende on-

derwyswette, soos die Mansvelt-onderwyswet, die Onderwyswet van 1903 en die Smuts-onderwyswet.

Sover moontlik is getrag om herhaling te voorkom. Soms was dit egter onvermydelik veral by die beknopte geskiedenis van die verskillende skole.

Van alle moontlike bekombare bronne is gebruik gemaak. Byna alle skole wat nog bestaan, is besoek, die skooljoernale deurgelees en die hoofde en ander persone geraadpleeg. Die skooljoernale van enkele skole is nie gelees nie, omdat die geskiedenis van die skole vir my doel volledig gevind is in jaarblaaie of ander bronne. Vir die Republikeinse tydperk was ek afhanklik van argiefstukke, koerante en mededelinge van ou mense.

Ongelukkig kon die oudste notuleboek van die Nederduits Hervormde kerk nie gevind word nie, is die notule van die Gesondheidskomitee van Krugersdorp onder die Suid-Afrikaanse Republiek gedurende die oorlog deur brand vernietig, en is ook die ou lêers met korrespondensie van die skole onder die Witwatersrand-Wes-Skoolraad verbrand, waardeur ongetwyfeld waardevolle stof verlore gegaan het.

'n Poging is aangewend om die geskiedenis van onderwys in Krugersdorp so volledig te gee as wat 'n werkie soos hierdie dit toelaat.